LANDBOUWEEKBLAD
13 Nov 2009
Page : 66 #

Gran Max is ekonomiese werkesel

Daihatsu is geen groentjie wanneer dit by werkesels kom nie. Hoewel hierdie vervaardiger beter bekend is vir sy betroubare en puik ergonomiese gesinsvoertuie, het hy ook 'n stewige agtergrond in werkesels, soos sy mediumsegment-vragmotor wat al bewys het dat hy nie ken van opgee nie.

Daihatsu se nuutste werkesel kom egter in 'n effens kleiner pakkie, in die vorm van die Gran Max, wat 'n dravermoë van 1 ton het. Volgens Daihatsu is die Gran Max die ideale pakket omdat hy betroubaar en ekonomies is en terselfdertyd 'n stewige vrag kan dra. Die vervaardiger was ook nog altyd bekend vir die lae lewensikluskoste van sy produkte en in die geval van die Gran Max sal dit nie anders wees nie.

Die binneruim is eenvoudig en prakties uitgelê sonder enige tierlantyntjies. Dit is dus duidelik dat Daihatsu die Gran Max wil laat wérk. 'n Baie belangrike deel van enige werkesel is die bakgedeelte omdat dit bepaal hoe moeilik of maklik 'n mens 'n vol vrag kan laai. Die Gran Max druk ook hier die stempel af. Die bak is 2,4 meter lank en 1,6 meter breed, met valkante reg rondom om die op- en aflaai van goedere aansienlik te vergemaklik. Boonop is die laaibak effens laer as die standaard om dinge nóg makliker te maak.

Die bakkie se onderstel is versterk om toe te sien dat die Gran Max 1 ton sonder 'n gekreun kan dra.

Onder die enjinkap wag daar 'n ou staatmaker. Die 1,5 liter-petrolenjin is al met groot welslae in onder meer die Sirion en Terios gebruik. Daihatsu se witjasse verander egter die krag-uitsette en ratverhoudings om aan te pas by die verskillende maniere waarop die kragbron ingespan word. In die Gran Max staan die drywing op 77 kW en die wringkrag op 140 N.m, wat deur 'n vyfgang-handratkas na die wiele gestuur word.

Sake-eienaars behoort deur die Daihatsu se goeie brandstofverbruik beïndruk te wees. Volgens die maatskappy sal jy 7,5 liter per 100 km kry as jy nie die heeltyd die rooi lyn op jou toereteller opsoek nie. L